GREY KOLLEGE MUURBAL- Daagreëls en Muurbal-beleid 2015/ 2016

1. Spelers mag net op ‘n Donderdag tydens langpouse ‘n daag by Mev Karen Venter in A1 registreer. Wedstryde wat deur die skool gereël is kan op enige dag geregistreer word en kry voorkeur bo enige ander daagwedstryde.
2. Die hoeveelheid spelers wat betrokke gaan wees by uitspeelwedstryde voor sekere toernooie sal deur die skool bepaal word. Daagwedstryde kan ook enige tyd deur die skool gereël word.
3. Die uitdager moet die opponent in kennis stel (via Whatsapp) en met Mev Venter bevestig (via Whatsapp) wanneer die wedstryd plaasvind. Die resultate moet onmiddellik na ‘n wedstryd aan Mev Venter via Whatsapp gegee word.
4. Daagwedstryde is die beste van 3 “tie-break”-stelle
5. Alle daagwedstryde moet voor die volgende Donderdag gespeel word anders verval daardie daag.
6. As ‘n speler nie opdaag vir ‘n daag nie of die daag kanselleer verloor hy sy plek en dan neem die dager die uitgedaagde speler se plek in.
7. Indien ‘n speler nie ‘n geregistreerde daag wil speel nie verloor hy sy plek aan die “dager”.
8. Daagwedsryde moet plaasvind verkieslik op ‘n Woensdag. Uitsonderings slegs met Mev Venter se toestemming, sal gemaak word op ‘n Maandag, Dinsdag en Donderdag.
9. Indien die uitgedaagde speler nie kan speel nie, skuif hy horisontaal uit sy posisie uit en almal skuif 1 posisie op. Die uitdager kan die volgende speler dan daag wat in die uitgeskuifte posisie is. Indien die speler weer reg is mag hy “terugdaag” in sy ou posisie.
10. Indien spelers gekies word vir SA-spanne, skuif die speler tydelik ook” horisontaal” uit en almal skuif op. Hierdie speler kan terugskuif in dieselfde posisie waar hy was, sonder om ‘n daagwedstryd te speel.
11. Daar moet 2 weke verloop voordat ‘n dager weer dieselfde speler mag daag.
12. Indien ‘n speler die een week iemand daag, moet hy eers die volgende week hom vrystel om gedaag te word. Indien niemand hom daag nie, kan hy weer

spelers bo hom daag. Daardie daag moet aan die einde van langpouse op ‘n Donderdag geregistreer word.

13. ‘n Speler mag net een daagwedstryd per week speel.
14. Wanneer’n speler tydens enige toernooi ‘n ander speler wat hoër as hy op die ranglys is klop,(iemand wat hy nie in op die skoolranglys kon daag nie), kry hy die kans om dieselfde speler by die skool te daag.
15. Alle nuwe leerders asook gr.8 leerders se eerste daag word deur die afrigters bepaal. (Afrigters se diskresie sowel as die leerder se SA-loting word in ag geneem). Wanneer ‘n speler tydens die Grey-kampioenskap ‘n speler klop sal daardie wedstryd as ‘n daag tel (daagposies tel nie) en die wenner sal die speler se plek op die ranglys inneem.
16. Daagwedstryde voor inters en toernooie sluit 2 weke voor die inter of toernooi. Uitsonderings sal gemaak word indien die skool dit nodig vind.
    Die dager moet nuwe balle vir die daag voorsien
17. Greywedstryde kry voorkeur bo ander toernooie, behalwe toernooie waar die speler SA verteenwoordig. Indien spelers kies om ander toernooie te speel, verloor die speler 2 plekke op die leer.
18. Indien ‘n speler amptelike oefeninge mis sonder verskoning by sy afrigter, skuif die speler 1 plek op die leer af.
19. ‘n Seun mag net in Grey-muurbalklere speel tydens amptelike Grey-muurbalwedstryde. Dit sluit in alle festivals,interskool en ligawedstryde.(Grey-muurbalklere sluit in ‘n skoolsweetpak, Grey-muurbalhemp (nuwe navy klokhemp vir 2015), Grey-muurbalbroek en Grey-muurbalkouse). Eerstespanspelers moet in die geborgde muurbalklere speel wat deur die skool goedgekeur is.

1. Daagposisies

1.1 Spelers laer as nr.25 mag enige speler tot nr.21 daag.

1.2 Nr. 17 tot 25 mag 4 plekke bo hom daag.

1.3 Nr 13 tot 16 mag tot nr 12 daag.

1.4 Nr 8 tot 12 mag 2 plekke bo hom daag.

1.5 Nr. 7 mag 1 plek bo hom daag.

1.6 Nr. 3 tot nr.6 mag 2 plekke bo hom daag.

1.7 Nr. 2 mag 1 plek bo hom daag.